# Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## 2021

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **Hokaai, stop die lorrie!** **[50]**

1.2 Positiewe denke oor die lewe is noodsaaklik. **[50]**

1.3 **Dit was die moeilikste besluit wat ek moes neem.** **[50]**

1.4 Toe begin die musiek speel ... **[50]**

1.5

> *Lig die anker, span die seile en laat die wind jou lei terwyl jy wegvaar van jou veilige hawe.*
>
> *(Anoniem)*

**[50]**

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: https://www.clipartwiki.com/clipimg/detail.com] **[50]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



1.6.2



[Bron: https://www.actionablebooks.com/en-ca/blog/whats-with-the-goose/] **[50]**

1.6.3



[Bron: www.cardgames for all.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het die Dierebeskermingsvereniging se Hulpverlener-van-die-jaar-toekenning ontvang.

Skryf 'n informele brief aan jou oupa/ouma waarin jy hom/haar van die werk wat jy gedoen het, vertel. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: GELUKWENSING**

Die skool waar jy 'n leerling was, is as die beste hoërskool in die land aangewys.

**[25]**

Skryf 'n formele brief aan die skoolhoof waarin jy jou gelukwense oordra.

2.3 **HULDEBLYK**

'n Jeugleier in die gemeenskap is onverwags oorlede.

Tydens 'n spesiale diens waar sy/haar lewe herdenk word, word jy gevra om die huldeblyk te lewer.

Skryf hierdie huldeblyk. **[25]**

2.4 **RESENSIE**

*Lekkereet* is 'n nuwe restaurant wat onlangs in jou omgewing oopgemaak het. Die eienaars verseker dat jongmense 'n besoek daar sal geniet.

Skryf 'n resensie oor dié restaurant waarin jy fokus op die atmosfeer, bediening en gehalte van die kos. **[25]**

2.5 **TOESPRAAK**

'n Skool in jou omgewing het met 'n program begin om 'n goeie waardesisteem onder die leerders aan te moedig deur maandeliks 'n waarde voor te hou.

Jy word uitgenooi om tydens 'n saalbyeenkoms 'n toespraak oor **respek** te lewer.

Skryf die toespraak. **[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



## 2.6 AGENDA EN NOTULE VAN 'N VERGADERING

Die beplanningskomitee waarvan jy die sekretaris/sekretaresse is, beplan 'n viering aan die einde van die laaste eksamendag vir die graad 12-leerders in jou omgewing.

Hieronder verskyn die agenda vir die beplanningsvergadering. Skryf slegs die opskrif van die notule en daardie deel van die notule wat oor **nuwe** sake (4.1 tot 4.6) handel.

**Agenda van die vergadering van die beplanningskomitee van Hoërskool Voorwaarts wat Maandag 12 Julie 2021 om 18:00 in die mediakamer gehou sal word.**

**AGENDA**

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoning en verskonings
3. Spesiale aankondigings
4. Nuwe sake
   4.1 Beplande datum
   4.2 Moontlike aktiwiteite en tydsduur
   4.3 Graad 12-klasgroepe se verantwoordelikhede
   4.4 Borgskappe
   4.5 Vermaak en gaskunstenaars
   4.6 Skoonmaakreëlings
5. Datum vir volgende vergadering
6. Afsluiting **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

*Kopiereg voorbehou*